# Plasing in Studenteverblyf en Indeling by Pendelstudentegemeenskappe



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Januarie 2024

# Plasing in Studenteverblyf en Indeling by Pendelstudentegemeenskappe

| | |
|---|---|
| **Soort dokument** | Beleid |
| **Doel:** | Om riglyne vir plasing in studenteverblyf en indeling by pendelstudentegemeenskappe aan die Universiteit Stellenbosch te verskaf. |
| **Goedgekeur deur:** | Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 18 September 2023 |
| **Datum van inwerkingstelling:** | 1 Januarie 2024 |
| **Hersieningsiklus/datum van volgende hersiening** | Minstens elke 5 jaar, of gouer indien nodig |
| **Vorige hersienings:** | 29 April 2013 |
| **Eienaar van Beleid[1]:** | Registrateur |
| **Kurator van Beleid[2]:** | Direkteur: Aansoeke, Studenteverblyf en Kliëntediens |
| **Trefwoorde:** | diversiteit, koshuisplasing, sosiale samehorigheid, studenteverblyf, toegang, transformerende studente-ervaring |
| **Geldingskrag:** | Die Engelse weergawe van hierdie Beleid is die geldende weergawe en die Afrikaanse weergawe is die vertaling |

1Eienaar: die hoof(de) van verantwoordelikheidsentrum(s) waarbinne die Beleid funksioneer

2Kurator: die administratiewe hoof van die afdeling wat vir die deurvoering en instandhouding van die Beleid verantwoordelik is

**INHOUDSOPGAWE**


Kern van die Beleid

1. Inleiding
2. Doel van die Beleid
3. Bestek van die Beleid
4. Omskrywings
5. Beleidsoogmerke
6. Beleidsbeginsels
7. Beleidsbepalings
   - 7.1 Algemene bepalings vir plasing en herplasing in studenteverblyf
   - 7.2 Plasing van nuweling-eerstejaarstudente in juniorkoshuise op die Stellenbosch-kampus
   - 7.3 Plasing en herplasing van huidige eerstejaarstudente in juniorkoshuise op die Stellenbosch-kampus
   - 7.4 Plasing en herplasing in seniorverblyf (seniorkoshuise en luister-leer-en-leef-huise ingesluit) op die Stellenbosch-kampus
   - 7.5 Plasing en herplasing in koshuise op die Tygerberg-kampus
   - 7.6 Plasing en herplasing van studenteleiers in studenteverblyf
   - 7.7 Plasing vanaf die waglys
   - 7.8 Indeling by pendelstudentegemeenskappe
8. Beleidsbeheer
9. Monitering en verslagdoening
10. Optrede in geval van nienakoming
11. Stawende dokumente
12. Verbandhoudende dokumente

**Bylae A**: Woordomskrywings

**KERN VAN DIE BELEID**

Die kern van die Beleid oor Plasing in Studenteverblyf en Indeling by Pendelstudentegemeenskappe (hierna "die Beleid") is om riglyne te verskaf vir plasing in studenteverblyf en indeling by pendelstudentegemeenskappe (PSG) aan die Universiteit Stellenbosch (US) met die oogmerk om toegang te verbreed en om studentesukses en sosiale kohesie te bevorder. Hierdie Beleid ondersteun die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk. Dit onderskryf die Universiteit se waardes – uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, agting en gelykheid – en gee uitvoering aan die US se verbintenis tot toegang, inklusiwiteit, gelykheid, regstelling en studentesukses.

Hierdie Beleid moet saamgelees word met die US Toelatingsbeleid soos deur die Raad goedgekeur, waardeur die US sigself daartoe verbind om 'n transformerende studente-ervaring te bied deur 'n inklusiewe en florerende gemeenskap te skep wat diversiteit as 'n bate beskou. Hierdie Beleid is daarop gerig om, deur toegang te fasiliteer, sodanige diverse en florerende studentegemeenskap daar te stel wat geleenthede vir 'n transformerende studente-ervaring bied en wat sosiale kohesie opbou en sukses bevorder.

## 1. INLEIDING

Die Beleid:

1.1 volg die US se waardes as riglyn;

1.2 ondersteun die strategiese temas van 'n transformerende studente-ervaring en 'n florerende universiteit deur diverse en inklusiewe studentegemeenskappe te vestig waarin studente betekenisvolle leer kan ervaar wat tot hulle sukses bydra en hulle daarop voorberei om in 'n diverse Suid-Afrika te floreer;

1.3 is belyn met die US Toelatingsbeleid soos deur die Raad goedgekeur in soverre dit gelyke toegang en studentesukses bevorder;

1.4 is met die US se kruisliggende tema van en imperatief tot transformasie belyn;

1.5 fasiliteer toegang tot 'n diverse studentegemeenskap vir studente vanuit alle agtergronde wat aan die vereistes voldoen – ook studente wat versperrings soos sosio-ekonomiese benadeling en gestremdhede moet oorkom om aan universiteitsonderrig deel te neem; en

1.6 is belyn met die vereistes in die Nasionale Beleid oor Minimumnorme en -standaarde vir Studenteverblyf aan Openbare Universiteite (September 2015) rakende die ontwikkeling en deurvoering van 'n omvattende beleid vir koshuistoelating en -indeling.

## 2. DOEL VAN DIE BELEID

2.1 Die Beleid is daarop gerig om toegang te fasiliteer en sodoende 'n diverse en florerende studentegemeenskap moontlik te maak wat geleenthede vir 'n transformerende studente-ervaring bied en wat sosiale kohesie opbou en sukses bevorder.

2.2 Die Beleid het as oogmerk om 'n gelyke, deursigtige en redelike proses vir koshuisplasing en indeling van studente by pendelstudentegemeenskappe in te stel.

## 3. OMVANG VAN DIE BELEID

Die Beleid geld op die Stellenbosch- sowel as die Tygerberg-kampus wat betref:

3.1 nuwe plasings en herplasings in junior- en seniorkoshuise;

3.2 plasing in ander Universiteitsverblyf soos luister-leer-en-leef- [LLL-]huise en huise vir studenteleierskap; en

3.3 indeling van studente by pendelstudentegemeenskappe.

## 4. WOORDOMSKRYWINGS

Verwys na Bylae A vir 'n lys terme en afkortings.

## 5. BELEIDSOOGMERKE

5.1 Om tot sosiale kohesie by te dra deur diverse en inklusiewe

studentegemeenskappe te skep wat groei en ontwikkeling buite die klaskamer sowel as studentesukses bevorder.

5.2 Om plekke in koshuise toe te wys aan studente wat versperrings moet oorkom om aan universiteitsonderrig deel te neem en wie se kans op sukses gevolglik sal verbeter.

## 6. BELEIDSBEGINSELS

6.1 Die US onderskryf die beginsel van uitnemendheid wat deur diversiteit versterk word en die opbou van sosiale kohesie.

6.2 Die US bevestig akademiese prestasie as maatstaf vir plasing in die Universiteit se studenteverblyf.

6.3 Die US ondersteun die beginsel van koshuisplasing vir studente wat struikelblokke moet oorkom om aan universiteitsonderrig te kan deelneem en wat die meeste daarby sou baat om in Universiteitsverblyf gehuisves te word. In hierdie verband erken die US die oorgangsuitdagings waarvoor eerstejaars te staan kom sowel as die struikelblokke tot toegang vir studente met gestremdhede en studente uit 'n sosio-ekonomies benadeelde agtergrond.

6.4 Die US neem studente se genderidentiteit soos dit op hulle aansoekvorm aangedui is in ag in plasingsbesluite.

6.5 Die US streef ook daarna om die studentegemeenskap in pendelstudentegemeenskappe en klusters te organiseer ten einde 'n transformerende studente-ervaring te bevorder.

## 7. BELEIDSBEPALINGS

### 7.1 Algemene bepalings vir plasing en herplasing in studenteverblyf

7.1.1 Plasing en herplasing in studenteverblyf is daaraan onderhewig dat aansoek om verblyf gedoen word, en geld vir slegs een akademiese jaar. Studente moet dus elke jaar opnuut aansoek doen.

7.1.2 Aangesien plekke in studenteverblyf beperk is, kan die Universiteit nie plasing vir alle aansoekers waarborg nie.

7.1.3 Die Beleid stel die maatstawwe vir die volgende:

a) plasing van eerstejaarstudente in juniorkoshuise op die Stellenbosch-kampus;
b) herplasing van huidige eerstejaarstudente in juniorkoshuise op die Stellenbosch-kampus;
c) plasing en herplasing in seniorverblyf (seniorkoshuise en LLL-huise ingesluit) op die Stellenbosch-kampus;
d) plasing en herplasing in koshuise op die Tygerberg-kampus;
e) plasing en herplasing van studenteleiers in studenteverblyf;
f) plasing vanaf die waglys vir studenteverblyf; en
g) indeling by pendelstudentegemeenskappe.

7.1.4 Die volgende studente kom nie vir plasing in aanmerking nie:

a) studente met 'n voltydse aanstelling en 'n vaste inkomste;

b) studente wat by die Universiteit ingeskryf is vir vakke of modules wat nie tot 'n US-kwalifikasie lei nie, byvoorbeeld persone wat as geleentheidstudente ingeskryf is;

c) studente wat tot die onderstaande programme toegelaat is: BAgric (Elsenburg), enige program aan die Stellenbosch Besigheidskool (Bellvillepark-kampus) of enige afstandsleerprogram.

7.1.5 In die reël word geen oorplasings tussen koshuise toegelaat nie.

7.1.6 Uitsonderings op die plasingsmaatstawwe kan ad hoc op grond van uitsonderlike omstandighede oorweeg word, of om volledige besetting te verseker, en word ingevolge die Bestuursriglyne hanteer.

7.1.7 Die besonderhede van die plasingsproses en -prosedures is vervat in die Bestuursriglyne, wat op die webblad vir voornemende studente (www.maties.com) sowel as dié vir huidige studente (my.sun.ac.za) geplaas is. Hierdie riglyne word jaarliks deur die kurator van hierdie Beleid hersien in oorleg met die primêre belanghebbendes, onder meer die Sentrum vir Studentelewe en Leer en die Kantoor vir Studenteakkommodasie, waarna die eienaar van die Beleid die hersienings goedkeur. Die Bestuursriglyne voorsien ook vir buitengewone omstandighede wat mag noodsaak dat van bepalings in hierdie Beleid afgewyk word.

### 7.2 Plasing van nuweling-eerstejaarstudente in juniorkoshuise op die Stellenbosch-kampus

7.2.1 Die onderstaande maatstawwe word toegepas wanneer koshuisplasing aangebied word:

a) **Toelatingstatus –** die student moet voorwaardelike toelating of 'n finale aanbod om toelating tot 'n US-program ontvang het.

b) **Ouderdom –** studente 21 jaar en jonger (in die jaar van inwoning) word vir plasing in juniorkoshuise oorweeg.

c) **Akademiese prestasie –** dit word deur die proses heen in ag geneem.

d) **Ras –** ten einde ongelykhede van die verlede reg te stel en sosiale kohesie te bou, word ras (bruin, swart Afrikaans of Asiër) in ag geneem.

e) **Sosio-ekonomiese status (SES) –** in hierdie kategorie kry die volgende aansoekers voorkeur:

i. diegene met 'n hoë SES-telling soos by aansoek bereken[1], en

ii. diegene wat 'n beurs op grond van finansiële behoeftigheid ontvang, soos die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS)[2].

*Ander oorwegings* wat onder hierdie kategorie ag geneem kan word, sluit in:

iii. keuring vir 'n verlengdekurrikulumprogram op grond van gebreke in die skoolstelsel, en

iv. afstand vanaf die kampus, waar sodanige afstand 'n versperring tot toegang

[1] Verwys na die Toelatingsbeleid vir inligting in fyner besonderhede oor die berekening van die SES-telling.
[2] Op die tydstip wanneer aansoek en koshuisplasings gedoen word, is die aansoeker se beursstatus nog nie bekend nie. Gevolglik kan beursstatus oorweeg word eers wanneer die tersaaklike inligting beskikbaar raak.

daarstel.[3]

f) **Nasionaliteit –** internasionale aansoekers word oorweeg om diversiteit te verseker.

g) **Gestremdheid –** studente met gestremdhede word, waar gepas, vir plasing in studenteverblyf oorweeg in oorleg met die Eenheid vir Gestremdhede.

h) **Spesiale plasings –** dit maak deel van die totale getal plasings per jaar uit en verteenwoordig dus nie 'n afsonderlike groep vir wie bykomende voorsiening gemaak word nie. Die onderstaande soorte spesiale plasings word tans gemaak. Die Universiteit kan dit aanpas soos nodig blyk.

   i. *Bloemhof Beursfonds ("die Trust")-plasings, soos met die Universiteit ooreengekom:* Ingevolge die ooreenkoms tussen die Trust en die US word 45 koshuisplasings tans gereserveer vir eerstejaars wat deur die Trust benoem word.

   ii. *Sportplasings:* 'n Ooreengekome getal plekke word vir topatlete gereserveer. Maties Sport benoem kandidate vir hierdie soort plasings, wat plasings in die hoëprestasiesportkoshuis insluit, teen 'n ooreengekome datum. Plasings word gedoen ooreenkomstig Maties Sport se Werwings- en Retensieplan sowel as hulle Transformasieplan.

   iii. *Krygskundestudente:* Offisiere wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) gekeur is en vir voltydse programme op die Stellenbosch-kampus ingeskryf is, kan in geskikte Universiteitsverblyf geplaas word.

   iv. *Diskresionêre plasings:* Voorsiening word gemaak vir diskresionêre plasings op grond van strategiese oorwegings of buitengewone omstandighede. Hierdie bepalings is in die Bestuursriglyne vervat.

7.2.2 Die koshuisplasingsproses word vervolgens uiteengesit.

**Stap 1: Teikenstelling**

a) Om te verseker dat die doel en oogmerke van die Beleid (soos onderskeidelik in par. 2 en 5 uiteengesit) verwesenlik word, en ooreenkomstig die gestelde Beleidsbeginsels (par. 6), oorweeg die Rektoraat elke jaar die demografiese profiel van die poel aansoekers wat vir koshuisplasing in aanmerking kom en stel teikens vir die persentasie nuweling-eerstejaarstudente in die volgende kategorieë:

   i. aansoekers wat bo 'n bepaalde akademiese vlak presteer;

   ii. aansoekers wat bruin, swart Afrikane, Indiërs of Asiërs is;

   iii. aansoekers wat 'n SES-telling bo 'n sekere kerf het en/of 'n beurs op grond van finansiële behoeftigheid ontvang (bv. 'n NSFAS-

[3] Afstand stel nie op sigself 'n versperring tot toegang daar nie; slegs as die middele ontbreek om te reis en verblyf te bekom. In hierdie verband word afstand in die lig van die aansoeker se SES beskou. 'n Verdere belangrike oorweging is dat die US geleë is in 'n gebied waarin beperkte toegang tot openbare vervoer beskikbaar is. Daarom kan afstand ook vir aansoekers wat binne 'n 30 km-radius vanaf die Universiteit woon (die maatstaf wat die NSFAS toepas) 'n versperring daarstel.

beurs); en

iv. Internasionale studente.

b) Aangesien die teikens eers teen die einde van die aansoeksiklus goedgekeur word, nadat die demografiese profiel van die poel wat in aanmerking kom, bepaal is, word die aanvanklike proses van koshuisreserverings gebaseer op die teikens en die aansoekerspoel wat vir die vorige jaar in aanmerking geneem is. Sodra die nuwe teikens bepaal is, word die reserverings gefinaliseer sodat dit met die teikens strook. Die teikens geld ook wanneer plasings van die waglys af gemaak word.

c) Die teikens word aan die tersaaklike regeringstrukture bekendgemaak en in die Bestuursriglyne gepubliseer sodra dit vasgestel is.

**Stap 2: Reservering van ’n plek in ’n koshuis**

a) Koshuisplek kan gereserveer word slegs vir aansoekers wat om koshuisplasing aansoek gedoen en ’n akademiese aanbod ontvang het.

b) Aansoekers moet ’n aanvaardingsfooi betaal om die reservering te aanvaar en hulle plek in ’n koshuis te verseker. Die onderstaande maatstawwe word saam met die gestelde teikens in ag geneem:

i. akademiese prestasie,

ii. SES en/of beurs ontvang op grond van finansiële behoeftigheid,

iii. ras (bruin, wit, swart Afrikaan, Indiër of Asiër), en

iv. nasionaliteit (Suid-Afrikaanse burger of internasionale student).

c) Aangesien plek beperk is, word aansoekers in die onderskeie kategorieë op grond van akademiese prestasie in volgorde gerangskik.

d) Plekke word ook gereserveer vir aansoekers wat op grond van ’n gestremdheid (par. 7.2.1 (g)) of vir spesiale plasing (par. 7.2.1 (h)) in aanmerking kom.

**Stap 3: Plasing in spesifieke koshuise**

a) Sodra die eerste ronde akademiese aanbiedings afgesluit is en aansoekers hulle aanbiedings om reservering vir koshuisplasing aanvaar het, begin plasing in spesifieke koshuise.

b) Ooreenkomstig die oogmerk van die Beleid word plasings gedoen sodat geleenthede geskep word om sosiale kohesie by wyse van diversiteit op te bou.

c) Die diversiteitsprofiel in koshuise word gedagtig aan die volgende faktore saamgestel:

i. akademiese prestasie,

ii. SES en/of beurs ontvang op grond van finansiële behoeftigheid,

iii. ras (bruin, wit, swart Afrikaan, Indiër of Asiër), en

iv. nasionaliteit (Suid-Afrikaanse burger of internasionale student).

d) Deur die hele plasingsproses heen word die goedgekeurde teikens aangewend om plasingsbesluite – ook plasings vanaf die waglys – te

stuur.

### 7.3 Plasing en herplasing van huidige eerstejaarstudente in juniorkoshuise op die Stellenbosch-kampus

7.3.1 Akademiese prestasie, soos in die Bestuursriglyne bepaal, is die primêre voorwaarde vir die herplasing van huidige studente in juniorkoshuise.

7.3.2 As ń reël mag studente op die Stellenbosch-kampus in juniorkoshuise inwoon vir die normale duur van die voorgraadse program waarvoor hulle aanvanklik ingeskryf het.

### 7.4 Plasing en herplasing in seniorverblyf (seniorkoshuise en luister-leef-en-leer-huise ingesluit) op die Stellenbosch-kampus

7.4.1 Plasing in seniorverblyf op die Stellenbosch-kampus is daarop ingestel om geleenthede vir sosiale kohesie te skep en word op die volgende beoordeel:

a) akademiese prestasie soos in die Bestuursriglyne uiteengesit,

b) ras, en

c) beurs ontvang op grond van finansiële behoeftigheid.

7.4.2 Om vir seniorverblyf in aanmerking te kom, moet aansoekers in hulle finale studiejaar wees of minstens 22 jaar oud raak in die jaar waarin hulle die plasingsaanbod sal opneem. Studente wat in die jaar van inwoning ouer as 26 raak, kom nie vir plasing in seniorverblyf in aanmerking nie.

7.4.3 Studente mag vir hoogstens drie jaar in seniorverblyf woon. Hierdie tydperk word kumulatief bereken, ongeag die tipe US-seniorverblyf (LLL-huise ingesluit).

7.4.4 Plasing van internasionale studente in seniorverblyf word deur US Internasionaal bestuur in oorleg met die Koshuisplasingskantoor.

7.4.5 Plasing in LLL-huise werk soos volg:

a) Die LLL-program is 'n geteikende verblyfreëling en omvattende ervaringgerigte leerervaring vir senior studente om aktief met mekaar om te gaan ten einde 'n meer diepgaande begrip van sosiale kohesie te ontwikkel.

b) Studente word elke jaar uitgenooi om aansoek te doen en word gekeur op grond van goeie akademiese prestasie, diversiteitsoorwegings en ander keuringsmaatstawwe soos in die Bestuursriglyne bepaal. Studente wat gekeur word, word in die beskikbare LLL-verblyf uitgeplaas.

c) Gegewe die besondere aard van die LLL-program mag studente vir hoogstens twee opeenvolgende jare daaraan deelneem.

### 7.5 Plasing en herplasing in koshuise op die Tygerberg-kampus

7.5.1 Koshuise op die Tygerberg-kampus is óf vir juniors (eerste- tot derdejaars) óf seniors (vierde- tot finalejaarstudente), en studente verskuif uit junior- na seniorkoshuise namate hulle voorgraadse studies vorder.

7.5.2 Plasing van nuweling-eerstejaars

a) Die plasingsmaatstawwe vir nuweling-eerstejaars soos in hierdie Beleid bepaal (par. 7.2.1) geld ook vir studente wat vir programme op die Tygerberg-kampus ingeskryf is.

b) Voornemende studente wat vir die programme MBChB, BSc in Fisioterapie, B in Verpleegkunde of BSc in Dieetkunde gekeur word, kan slegs vir plasing in koshuise op die Tygerberg-kampus oorweeg word, nie op die Stellenbosch-kampus nie.

c) Studente wat vir die eerste of tweede jaar van die B in Spraak- en Taalterapie of vir die eerste jaar van die B in Arbeidsterapie ingeskryf is, word nie op die Tygerberg-kampus gehuisves nie en kom vir plasing in juniorkoshuise op die Stellenbosch-kampus in aanmerking.

7.5.3 Die onderstaande reëlings geld herplasing:

a) Studente word in volgorde van akademiese prestasie gerangskik vir plasing in junior- sowel as seniorkoshuise.

b) Wat betref studente wat hulle eerste en/ of tweede jaar in ’n juniorkoshuis op die Stellenbosch-kampus gewoon het en dan na die Tygerberg-kampus moet verskuif, hang plasing in ’n koshuis by Tygerberg van beskikbaarheid af.

### 7.6 Plasing en herplasing van studenteleiers in studenteverblyf

7.6.1 Om vir plasing of herplasing in studenteverblyf oorweeg te word, moet verkose studenteleiers soos in paragraaf 7.6.2 en 7.6.3 omskryf aan die volgende voldoen:

a) die akademiese kriteria soos in die Bestuursriglyne bepaal, en

b) die algemene bepalings in paragraaf 7.1.

7.6.2 Studente wat tot ’n leierskapstruktuur in ’n koshuis verkies word – dit is, die hoofstudent (primarius/primaria), huiskomiteelede, die klustersameroeper en mentors – mag langer as die toegelate aantal jare in junior- of seniorkoshuise woon.

7.6.3 Studente wat tot die Studenteraad of Tygerberg Studenteraad verkies is, mag langer as die toegelate aantal jare in studenteverblyf woon indien nodig.

### 7.7 Plasing vanaf die waglys

7.7.1 Aansoekers wat nie koshuisplasing gekry het nie, mag hulle name op die waglys laat plaas.

7.7.2 Sou kansellasies ontvang word, sal plasings vanaf die waglys gemaak word.

7.7.3 Die maatstawwe vir plasing soos in hierdie Beleid uiteengesit geld ook vir plasing vanaf die waglys.

7.7.4 Die proses vir plasing vanaf die waglys is in die Bestuursriglyne vervat.

### 7.8 Indeling by pendelstudentegemeenskappe

7.8.1 Ten einde integrasie in die studentegemeenskap te bevorder, word studente wat nie in US-studenteverblyf woon nie maar van privaat verblyf gebruik maak, by ’n pendelstudentegemeenskap en ’n kluster ingedeel.

7.8.2 Ten einde diversiteit te bevorder en sosiale kohesie te versterk, geskied indeling by pendelstudentegemeenskappe en klusters volgens dieselfde maatstawwe as dié vir die plasing van eerstejaars in studenteverblyf.

7.8.3 Indien ’n pendelstudent gedurende hulle junior jare plek in ’n koshuis bekom, word die student na die toepaslike nuwe kluster oorgeplaas.

7.8.4 Studente wat uit ’n koshuis na ’n pendelstudentegemeenskap skuif, word opgeneem in ’n pendelstudentegemeenskap wat onder hulle voormalige koshuis se kluster tuishoort.

7.8.5 Sommige studenteverblyf is geoormerk vir leiers in die pendelstudentegemeenskappe, en plasing word dienooreenkomstig in leierskaphuise gedoen.

## 8. BELEIDSBEHEER

8.1 Die Beleid word deur die US Raad bepaal.

8.2 Die Universiteit skep die onderstaande rolle en verantwoordelikhede met die oog daarop om hierdie Beleid deur te voer en te bestuur:

8.2.1 Die Rektor en Visekanselier is die statutêre hoof, wat vir die uitvoering van die Beleid verantwoordelik is en die oorhoofse verantwoordelikheid delegeer na die toepaslike omgewings, wat aan ’n Rektoraatslid – die Registrateur – verslag doen.

8.2.2 Die Registrateur is die eienaar van die beleid, wat vir die ontwikkeling van die Beleid binne die eienaar se verantwoordelikheidsfeer verantwoordbaar is en verseker dat die Beleid en verbandhoudende Bestuursriglyne opgestel is. Die eienaar is ook daarvoor verantwoordelik om ’n kurator (en gepaardgaande strukture en rolle) aan te stel en om te verseker dat die kurator (en gepaardgaande strukture en rolle) doeltreffend funksioneer.

8.2.3 Die Direkteur: Aansoeke, Studente Akkommodasie en Kliëntediens (ASAK) is die kurator van hierdie Beleid – die institusionele funksionaris aan wie die eienaar van die Beleid die verantwoordelikheid toewys om na die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie, vrystelling, vertolking en deurvoeringsmonitering van die Beleid en die Bestuursriglyne om te sien. Die kurator roep ook ’n taakspan bymekaar sodat tersaaklike belanghebbendes die Bestuursriglyne jaarliks kan hersien.

## 9. MONITERING EN VERSLAGDOENING

Die eienaar van die Beleid is daarvoor verantwoordbaar en die kurator is daarvoor verantwoordelik dat die nodige kontrolemaatreëls ingestel word om die Beleid te moniteer en daaroor verslag te doen, en dat daar jaarliks hieroor aan die Rektoraat verslag gedoen word.

## 10. OPTREDE IN GEVAL VAN NIENAKOMING

10.1 Enige klagtes wat uit beweerde nienakoming van die Beleid spruit, word ingevolge die US se bestaande klagtebestuursprosesse en -stelsels hanteer.

10.2 Enige gevalle wat geskilbeslegting verg, word na die Direkteur: ASAK verwys vir leiding en besluitneming.

## 11. STAWENDE DOKUMENTE

11.1 Die Beleid moet saamgelees word met die Toelatingsbeleid van die Universiteit Stellenbosch.

11.2 Die bestuursbepalings en deurvoeringsmaatreëls is in die Bestuursriglyne vervat, wat saam met die Beleid op die onderskeie webbladsye vir voornemende studente (www.maties.com) en huidige studente (my.sun.ac.za) verskaf en jaarliks hersien word.

## 12. VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE

12.1 Beleid vir Gestremdheidstoegang

12.2 Maties Sport Werwings- en Retensieplan

12.3 Maties Sport Transformasieplan

12.4 Nasionale Beleid oor Minimumnorme en -standaarde vir Studenteverblyf aan Openbare Universiteite (September 2015)

12.5 Beleid ter Voorkoming van Nepotisme

12.6 Beleid oor Konflik van Belange

12.7 Transformasieplan

12.8 Universiteit Stellenbosch Riglyne vir Akkreditasie van Afkampus Privaat Studenteverblyf

**BYLAE A**

**WOORDOMSKRYWINGS**

Die onderstaande terme dra, waar dit in hierdie Beleid voorkom, die betekenisse soos hier onder omskryf:

**akademiese prestasie** – met verwysing na die plasing van nuweling-eerstejaars, akademiese prestasie op skool; rakende senior studente, akademiese prestasie op universiteit;

**akademiese jaar** – die tydperk wat begin op die dag wanneer klasse 'n aanvang neem en wat eindig op die laaste dag van jaareind-assessering, met uitsluiting van die midjaarreses;

**aansoeker** – enige voornemende of ingeskrewe studente wat om plasing in studenteverblyf vir die volgende jaar aansoek doen;

**kluster** – 'n aantal koshuise wat saam gegroepeer word, hoofsaaklik op grond van geografiese ligging, en waarby 'n pendelstudentegemeenskap (in die geval van 'n geïntegreerde mans-en-vrouegemeenskap) of twee pendelstudentegemeenskappe (in die geval van afsonderlike mans- en vrouegemeenskappe) ingedeel word om 'n groter studentegemeenskap te vorm;

**klustersameroeper** – 'n studenteleier wat die ResEd-koördineerder met alle werksaamhede in 'n kluster bystaan;

**Pendelstudentegemeenskap (PSG)** – studente in privaat verblyf wat vir organisatoriese doeleindes en met die oog op gemeenskapsvorming saam gegroepeer en by 'n pendelstudentegemeenskap ingedeel word; pendelstudentegemeenskappe word saam met koshuise by klusters ingedeel en het hulle eie studenteleierskapstrukture;

**PSG-studente** – studente wat nie in amptelike Universiteitsverblyf woon nie, maar privaat bly; dit sluit nie studente in wat in leierskaphuise woon nie;

**gestremdheid** – 'n langdurige fisieke, geestelike, intellektuele of sensoriese belemmering wat, waar verskeie struikelblokke aanwesig is, mag verhinder dat 'n persoon voluit en effektief en op gelyke voet met ander aan die samelewing kan deelneem;

**diversiteit** – in die konteks van hierdie Beleid, faktore soos nasionaliteit, ras en sosio-ekonomiese status;

**verlengdekurrikulumprogram** – 'n formele graadprogram waarin studente hulle graad oor 'n langer vasgestelde tydperk kan afhandel;

**eerstegenerasiestudent** – 'n student wie se ouers nie aan 'n universiteit gestudeer het nie;

**genderidentiteit** – 'n persoon se eie sin van wat hulle gender is, wat met hulle toegewese geslag mag ooreenstem óf nie;

**hoofstudent (primarius/primaria)** – die hoofstudent in 'n koshuis of pendelstudentgemeenskap;

**huiskomitee** – die studenteleierskapliggaam in 'n koshuis of pendelstudentegemeenskap;

**juniorkoshuis** – 'n koshuis hoofsaaklik vir junior studente, waar nuweling-eerstejaars wat 21 of jonger (in die jaar van inwoning) is, geplaas word;

**leierskaphuis** – 'n studentehuis wat aan 'n PSO-gemeenskap toegewys is vir die plasing van leiers uit daardie gemeenskap;

**Luister-leef-en-leer- (LLL-)huis** – 'n amptelike Universiteitshuis waar studente woon wat vir die LLL-program gekeur is;

**buite die klaskamer** – studente se Universiteitservaring buite die konteks van die formele akademiese aanbod, soos lesings;

**ResEd-koördineerder** – die personeellid wat 'n kluster koördineer; dié persoon is dikwels ook die hoof van 'n koshuis in die betrokke kluster;

**koshuis** – 'n amptelike Universiteitsgebou wat verblyf aan 'n groot getal studente verskaf;

**koshuishoof** – 'n persoon wat as hoof van 'n koshuis aangestel is; dié persoon woon gewoonlik in of langs die betrokke koshuis;

**koshuisleierskapstruktuur** – die hoofstudent (primarius/primaria), huiskomiteelede, die klustersameroeper en mentors;

**seniorkoshuis** – koshuise vir studente tussen 22 en 26 jaar (in die jaar van inwoning);

**sosiale kohesie** – die mate van onderlinge verbondenheid en solidariteit onder samelewingsgroepe; in die konteks van hoër onderwys in Suid-Afrikaanse dui dit op die gevoel van tuishoort by 'n studentegemeenskap sowel as die verhoudinge onder lede van so 'n gemeenskap;

**sosio-ekonomiese-status- (SES-)telling –** 'n telling op grond van sosio-ekonomiese inligting – opvoedkundig, ekonomies en generasioneel – wat by aansoek vasgelê word; verwys na die Toelatingsbeleid vir fyner besonderhede oor hoe die SES-telling bereken word;

**studentehuis** – 'n huis wat aan die Universiteit behoort of deur die Universiteit gehuur word en vir studenteverblyf beskikbaar gestel word;

**studenteverblyf** – alle formele Universiteitsverblyfstrukture, onder meer koshuise, leierskaphuise en LLL-huise;

**Studenteraad (SR)** – die hoogste verteenwoordigende struktuur vir studente aan die Universiteit Stellenbosch wat deur die US Statuut erken word en waaroor oorsigbestuur ingevolge die Studentegrondwet geskied; de SR vervul hulle verteenwoordigende en organisatoriese mandaat by wyse van verskeie portefeuljes wat toegewys word aan 'n span verkose SR-lede en aangestelde SR-bestuurders; die TSR verwys na die ooreenstemmende leierskapstruktuur op die Tygerberg-kampus;

**studentesukses** – die behaling van akademiese sukses sowel as groei gemeet aan die ontwikkeling van die kenmerke van 'n gegradueerde, naamlik om 'n ondersoekende gees te hê, 'n betrokke burger te wees en 'n dinamiese professionele persoon en afgeronde individu te raak;

**transformerende studente-ervaring** – om geleenthede te ontvang om as voorgraadse en nagraadse student te groei, onder meer leiding, ondersteuning en dienste wat 'n persoon help sukses behaal; aan die US heg ons waarde aan ons studente en is ons daartoe verbind om sodanige transformerende studente-ervaring aan elke enkele student te lewer; gedagtig hieraan wil ons verseker dat die US toeganklik is vir studente wat aan die vereistes voldoen vanuit alle agtergronde – ook studente wat versperrings moet oorkom om aan universiteitsonderrig deel te neem; ons beskou hierdie ervaring as 'n reis, vanaf ons eerste

kontak met voornemende studente totdat hulle gradueer en die rol van alumni opneem;

**Universiteitsbestuur** – die Rektoraat.